| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | TOERISME |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 29 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VYF** afdelings.
2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE VRAAG** op ’n **NUWE** bladsy.
4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.
5. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.
7. **VRAAG 3** moet tot die tweede desimale punt afgerond word.
8. Die volgende tabel is ’n riglyn om jou te help om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke afdeling moet spandeer.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kortvrae | 40 punte | 20 minute |
| AFDELING B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valutaverhandeling | 50 punte | 50 minute |
| AFDELING C | Toeristeattraksies; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 punte | 50 minute |
| AFDELING D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 punte | 30 minute |
| AFDELING E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 punte | 30 minute |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180 minute** |

# AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoord vir die volgende vrae gegee.
Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.1.21 D.**

1.1.1 ’n Toeris wat ’n vir die bespreking van akkommodasie voorafbetaling wil maak, sal van hierdie betalingsmetode gebruik maak:

A Telegrafiese oorplasing (SWIFT)

B Buitelandse banknote

C Tjekbetaling

D Elektroniese fondsoorplasing

1.1.2 Die antieke terrein waar die Maya mense se koninkryk geleë was:

A Machu Picchu

B Parthenon

C Chichen Itza

D Die Kotel

1.1.3 Die stad in die VSA wat die volgende Olimpiese Spele in 2028 gaan aanbied:

A New York

B Los Angeles

C San Francisco

D Washington

1.1.4 Die kernpligte van ’n werknemer word in hierdie dokument beskryf:

A Gedragskode

B Wet op Basiese Diensvoorwaardes

C Dienskontrak

D Byvoordele Addendum

1.1.5 Identifiseer die uitgawe wat NIE in 'n reisbegroting deur 'n reisagent opgestel, ingesluit sal wees nie:

A Vervoer

B Persoonlike inkopies

C Akkommodasie

D Ingangsfooie by attraksies

1.1.6 Die bewys van 'n geelkoorsinenting is:

A Inentingsertifikaat

B Gesondheidsertifikaat

C Mediese voorskrif

D Dokterbrief

1.1.7 Indien 'n Suid-Afrikaanse toeris Skotland wil besoek, word die volgende visum benodig:

A Schengenvisum

B VK visum

C Britse visum

D SA visum

1.1.8 Robbeneiland voldoen aan hierdie kulturele kriteria van UNESCO:


A Die bewys van belangrike uitruiling van menslike waardes.

B Werp lig op die ontstaan en evolusie van die mensdom.

C Getuienis van 'n baie ou beskawing en taal.

D Simboliseer die oorwinning van die menslike gees na vryheid.

1.1.9 Die ikoon in die foto hieronder kan besoek word in:



A Jordanië

B Saoedi-Arabië

C Indië

D Japan

1.1.10 'n Voorbeeld van goeie omgewingsbestuur:

A Die vestiging van inheemse plantegroei waar ontbossing plaasgevind het.

B Die ontwikkeling van geboue wat baie elektrisiteit vir veiligheidsredes gebruik.

C Die versameling van plastiek sodat dit op rommelhope buite stede weggegooi kan word.

D Die verwydering van vleilande om plek vir stedelike ontwikkeling te maak.

1.1.11 Protesaksies in 'n land is 'n voorbeeld van 'n:

A Onvoorsiene gebeurtenis

B Natuurlike ramp

C Politieke situasie

D Ekonomiese skommeling

1.1.12 Die feit dat die aarde 23,5º gekantel is, dra by tot:

A Die verskillende tydsones.

B Die verskillende dae op 'n gegewe tyd.

C Die verskillende halfrondtes.

D Die verskillende seisoene.

1.1.13 Die Maloti Drakensberg Park is ’n … Wêrelderfenisterrein.

A nuwe

B gemengde

C natuurlike

D kulturele

1.1.14 ’n Buitelug uitstalling wat jaarliks in Kaapstad en Johannesburg gehou word as deel van die bemarkingsveldtog van SAToerisme:

A WTM (Wêreld Toerisme Mark)

B Toerisme Indaba

C Berlynse ITB

D Getawayskou

1.1.15 Die Republiek van Ierland gebruik hierdie geldeenheid simbool:

A $

B £

C ¥

D €

1.1.16 Die verdeling van eienaarskap of vestiging van vennootskappe met die plaaslike gemeenskap is ’n voorbeeld van hierdie pilaar van Volhoubare Toerisme:

A Volhoubaarheidpilaar

B Ekonomiese pilaar

C Omgewingpilaar

D Sosiale pilaar

1.1.17 ’n Voordeel om van ’n kliënteterugvoermetode gebruik te maak:

A Die instelling neem kennis van waar hulle kan verbeter.

B Die instelling kry beter publisiteit op televisie.

C Die instelling maak ’n verlies en moet personeel afdank.

D Die instelling ontvang ’n beter belastingsopgawe.

1.1.18 ’n Nadeel van die gebruik van ’n kredietkaart as betalingsmetode wanneer ’n toeris in die buiteland reis:

A Fondse is nie dadelik beskikbaar nie, daar is ’n wagtydperk van 1 maand.

B Die toeris kan sy reisbegroting oorskry en skuld aangaan wat terugbetaal moet word.

C Word nie in lande buite Suid-Afrika as betalingsmetode aanvaar nie.

D Indien dit gesteel word, kan die fondse op die kaart gestop word.

1.1.19 Vrystaat se enigste Wêrelderfenisterrein:

A Vredefortkoepel

B Mapungubwe Kulturele Landskap

C iSimangaliso Vleilandpark

D Barberton Makhonjwa Berglandskap

1.1.20 Die beraad waar wêreldleiers ontmoet om klimaatsverandering aan te spreek, staan bekend as:

A Die G7 beraad

B Die COP beraad

C Die BRICS beraad

D Die G20 beraad

(20x1) **[20]**

1.2 Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die logo/prent in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK, bv **1.2.6 A.**

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | FAIR TRADE TOURISM | A | Suid-Afrikaners gaan na hierdie instelling om aansoek vir 'n paspoort te doen. |
| 1.2.2 | World Health Organization | B | Die organisasie in beheer van doeane by alle Suid-Afrikaanse poorte waar toeriste die land verlaat, of die land binnekom. |
| 1.2.3 | home affairs<br>Department:<br>Home Affairs<br>REPUBLIC OF SOUTH AFRICA | C | Internasionale toeriste doen by hierdie instelling aansoek vir 'n visum. |
| 1.2.4 | tbcsa<br>Tourism Business Council of South Africa<br>one voice for tourism | D | Die instelling verantwoordelik vir die daarstelling en ontwikkeling van nuwe toeristeattraksies in Suid-Afrika. |
| 1.2.5 | SARS<br>South African Revenue Service | E | Hierdie organisasie is verantwoordelik vir die voorkoming van die verspreiding van siektes regoor die wêreld. |
| | | F | Hierdie organisasie sertifiseer toerismeinstellings op grond van hul volhoubaarheid. |
| | | G | Een van hierdie organisasie se verantwoordelikhede is om die 1% heffing by toerismeinstellings in te samel. |

(5x1) **[5]**

1.3 Gee EEN term/woord vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n term/woord uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.3.6 Paspoort**.

| |
|---|
| Vluguitputting; Bankaankoopkoers; Taj Mahal; Departement van Toerisme; Khomani Kultuurlandskap; Ambassade; Vlugvoosheid; Bankverkoopkoers; iSimangaliso Vleilandpark; Koepel van die Rots |

1.3.1 'n Suid-Afrikaanse toeris doen aansoek vir 'n visum van die beplande land by hierdie instelling.

1.3.2 Indien 'n toeris vanaf Rio de Janeiro in Brazilië na Beijing in China reis, sal hy/sy hierdie toestand ervaar.

1.3.3 'n Kulturele Wêrelderfenisterrein van Suid-Afrika.

1.3.4 Indien 'n toeris van Frankryk terugkeer en sy oorblywende euro's vir rand wil verruil,sal hierdie wisselkoers gebruik word om die waarde van rand te bereken.

1.3.5 'n Toeris wat Israel se Tempelberg besoek, kan hierdie indrukwekkende moskee binnegaan.

(5x1) **[5]**

1.4 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.4.6 Geelkoors.**

1.4.1 Indien 'n werknemer gewoonlik op Sondae werk, is hy geregtig op (dubbeld/1½ keer) sy gewone tarief.

1.4.2 Die aantal internasionale toeriste na Suid-Afrika sal toeneem indien die rand (swak/sterk) is.

1.4.3 (Tuberkulose/Bilharzia) kan opgedoen word deur in aanraking te kom met water wat die parasiet bevat.


1.4.4 (Tour de Paris/ Tour deFrance) is 'n jaarlikse fietswedren wat in Frankryk gehou word.

1.4.5 Volgens Suid-Afrika se invoerregulasies mag 'n toeris (1 liter/2 liter) wyn deur doeane neem sonder om doeanebelasting te betaal.

(5x1) **[5]**

© SACAI KOPIEREG 

1.5 Bestudeer die onderstaande prente oor die top redes hoekom internasionale toeriste Suid-Afrika sou wou besoek. Identifiseer ELKE rede en skryf jou antwoord teenoor die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. **1.5.6 Misdaadvry**.

| | |
|---|---|
| 1.5.1  | 1.5.2  |
| 1.5.3  | 1.5.4  |
| 1.5.5  | |


(5x1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

# AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die tydsonekaart, lees die inligting en beantwoord die vrae.



**'n Nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die Wêreldspele**

Die 12de uitgawe van Die Wêreldspele vind vanaf 7 tot 17 Augustus 2025 plaas. Die gasheerstad sal die megastad Chengdu in China wees. Vyf-en-dertig sportsoorte is vir Die Wêreldspele 2025 gekies.

*[Bron aangepas en vertaal vanuit: https://www.theworldgames.org/editions/Chengdu-CHN-2025-14]*

2.1.1 Die openingseremonie van die 2025 Wêreldspele begin 20:00 op 6 Augustus 2025, plaaslike tyd.

Bereken hoe laat Suid-Afrikaners hierdie seremonie op televisie kan sien. (3)

2.1.2 Alex, 'n Amerikaner is 'n atleet wat aan die Wêreldspele deelneem. Hy vlieg op 2 Augustus om 18:00 vanaf JFK Internasionale Lughawe in New York, na Chengdu Tianfu Internasionale lughawe, in China. Vliegtyd is 19 ure.

Bereken die tyd en datum wat hy in Chengdu sal arriveer.

**Die VSA gebruik dagligbesparing vanaf Maart tot Oktober 2025.** (5)

2.1.3 Suid-Afrika se atlete land op Chengdu op 5 Augustus om 08:00 na 'n 17 uur lange vlug.

Bereken hul vertrektyd en datum van vertrek vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe. (4)

2.1.4 Baie atlete arriveer 'n paar dae voor die Spele begin omdat hulle ten volle wil herstel van vlugvoosheid voor hulle moet deelneem.

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie atlete adviseer oor wat hulle **voor en tydens** die vlug kan doen om die simptome van vlugvoosheid te verminder.

Jou paragraaf moet TWEE maatreëls vir elkeen insluit. (2x2) (4)

2.1.5 Alex is 'n diabeet en moet sy medikasie saamneem na Chengdu. Adviseer hom deur die volgende vrae te beantwoord:

a) Dui aan watter kanaal hy by doeane moet volg. (1)
b) Noem die dokument wat hy as bewys vir medikasie in sy besit moet indien by doeane. (1)

2.1.6 Tydens sy tyd in Chengdu besluit Alex om 'n motor te huur sodat hy in sy vrye tyd die stad op sy eie kan verken.

Noem DRIE reisdokumente wat Alex voor sy reis sal moet bekom. (3)

2.2 Lees die onderstaande inligting oor China en beantwoord die vrae.

**Algemene gesondheid en veiligheid in Chengdu**

Chengdu is oor die algemeen 'n veilige stad vir toeriste. Die misdaadsyfer is relatief laag, en geweldsmisdade is skaars. Die meeste besoeke is probleemvry.

Geringe misdade soos sakkerollery en swendelary kan egter voorkom, veral in oorvol gebiede. Om waaksaam te bly en basiese voorsorgmaatreëls te tref, sal jou help om hierdie probleme te vermy.
Die handhawing van goeie gesondheid en higiëne is 'n noodsaaklike veiligheidskwessie in Chengdu. Kraanwater in Chengdu is nie veilig om te drink nie.

Straatkos is heerlik, maar kan soms maagprobleme veroorsaak. Kies kosstalletjies met baie besoekers en goeie higiënepraktyke. Dra handreiniger en gebruik dit gereeld.

*[Bron aangepas en vertaal vanuit: https://ruqintravel.com/china-destination-guides/safety-concerns-in-chengdu]*

2.2.1 Adviseer toeriste wat Chengdu besoek oor hoe hulle tydens hul reis gesond kan bly.

Verskaf TWEE maatreëls wat toegepas kan word om die gesondheid-aspekte in die leesstuk aan te spreek. (2)

2.2.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy toeriste adviseer hoe om veilig te wees indien hulle **op straat** in Chengdu rondloop.

In jou paragraaf moet jy DRIE maatreëls bespreek. (3x2) (6)

2.2.3 Noem EEN aanbevole inenting vir toeriste wat na China reis. (1)

**[30]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Suzan is 'n groot tennis-ondersteuner. Sy het lank gespaar en wil in 2025 soveel moontlik Grand Slam tennistoernooie bywoon. Sy beplan die volgende:

- Reis na Frankryk om Roland Garros by te woon. Haar begroting vir 4 dae is R53 500 (alles ingesluit).
- Reis na Engeland om Wimbledon by te woon. Haar begroting vir 3 dae is R49 800 (alles ingesluit).
- Reis na die Verenigde State van Amerika om die US-Open by te woon. Haar begroting vir 5 dae is R76 700 (alles ingesluit)

Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder om die vrae te beantwoord.

- Toon al jou berekeninge.
- Rond antwoorde af tot die tweede desimaal.

| BUITELANDSE VALUTAKOERSE | | | |
|---|---|---|---|
| **Geldeenheid** | Kode | Bankverkoopkoers | Bankaankoopkoers |
| Amerikaanse dollar | USD | 17.63 | 17.51 |
| Britse pond sterling | GBP | 22.72 | 22.59 |
| Euro | EUR | 18.85 | 18.73 |

*[Soos op 11 November, 2024]*

3.1.1 Identifiseer die geldeenheid wat die swakste is teenoor die Rand. (2)

3.1.2 Bereken Suzan se begroting in EURO vir die bywoning van die Roland Garros tennistoernooi. (3)

3.1.3 Bereken Suzan se begroting in Pond vir die bywoning van die Wimbledon tennistoernooi. (3)

3.1.4 Bereken Suzan se begroting in VS Dollar vir die bywoning van die US Open tennistoernooi. (3)

3.1.5 Met haar terugkeer in Suid-Afrika na die bywoon van Wimbledon, het Suzan nog £98.32 oor. Bereken hoeveel Rand sy daarvoor sal kry. (3)

3.1.6 Stel die beste tyd vir Suid-Afrikaners voor om oorsee te reis – wanneer die Rand swak is OF wanneer die rand sterk is.

Regverdig jou antwoord. (2)

3.1.7 Skryf 'n paragraaf waarin jy die impak verduidelik wat die Toerisme-industrie op die land se BBP het. (2x2) (4)


**[20]**

## TOTAAL AFDELING B: [50]

## AFDELING C: TOERISTEATTRAKSIES; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die onderstaande kaart van Europa en beantwoord die vrae.




4.1.1 Identifiseer die Wêreldikone genommer A tot C. Skryf die VOLLE naam van die ikoon teenoor die letters A, B en C. (3)

4.1.2 Ikoon A is in ’n baie bekende stad. Noem die naam van hierdie stad. (1)


4.1.3 Gee ’n beskrywing van Ikoon B. (2)

4.1.4 Noem TWEE avontuuraktiwiteite wat toeriste by Ikoon C kan doen. (2)

**[8]**

4.2 Bestudeer die onderstaande prente van wêreldikone. Trek die tabel oor in jou antwoordboek en voltooi dit volledig.

4.2.1



4.2.2



4.2.3



4.2.4



| | VOLLE NAAM VAN IKOON | LAND |
|---|---|---|
| 4.2.1 | | |
| 4.2.2 | | |
| 4.2.3 | | |
| 4.2.4 | | |

(4x2) **[8]**

4.3 Bestudeer die onderstaande prent van ’n wêreldikoon en beantwoord die vrae.



4.3.1 Identifiseer die ikoon deur die volle naam te noem. (1)

4.3.2 Noem die naam van die land waarin hierdie ikoon geleë is. (1)

4.3.3 Hierdie ikoon word jaarliks deur ’n groot aantal toeriste besoek, al is dit erg beskadig.

Verskaf ’n rede waarom toeriste hierdie ikoon steeds sou wou besoek. (2)

4.3.4 Adviseer ’n toeris wat hierdie ikoon wil besoek of dit beter sal wees om dit saam met ’n toergids OF alleen te doen.

Regverdig jou antwoord. (3)

**[7]**

4.4 Lees die onderstaande gedeelte uit 'n blog van Ian Taylor wat Berg Everest geklim het, en beantwoord die vrae.

**OM BERG EVEREST TE KLIM**

**Ian Taylor**



Ons het jare spandeer om voor te berei om ons nagtelike tog na die toppunt van die wêreld, Berg Everest, aan te pak. Agtien maande se ernstige oefening. Twaalf dae se trek na Everest Basiskamp en 42 dae se klim bokant Everest Basiskamp. Sewe dae om af te kom vanaf die toppunt van Everest terug na Basiskamp. Gevolg deur 3 dae se trek terug na Lukla.

**Op die punt om die doodsone binne te gaan**
Ons het daardie aand om 10 uur vertrek en in die donker na Everest se suidelike punt gestap. Ek is vergesel deur my sjerpa, Pemba Chirri wat agter my geklim het en my vorentoe gestoot het. Dit was 20 grade Celsius, tesame met 'n ligte wind en die donker.
Daarna was dit tyd om ons reis op die eerste been na die toppunt deur die balkon op 8 400 m te begin. Elke tree was baie moeilik, en om asem te haal op hierdie hoogtes kan soms onmoontlik lyk.

**Ek staan op die toppunt van die wêreld**
Ek het tot op die toppunt geklim. 'n Twintig voet lange rif en twee voet breed, waar ek my vlag en logo's uitgehaal het en my videokamera aan die Sherpa gegee het. Ek het 'n paar foto's op die kruin geneem voordat ek gereed was om weer af te klim.

*[Bron aangepas en vertaal vanuit: https://iantaylortrekking.com/blog/summit-night-climbing-mount-everest-to-the-top-of-the-world/]*

4.4.1 Noem die naam van die land waarin Berg Everest geleë is. (1)

4.4.2 Verduidelik die doel van 'n *sjerpa*, soos in die leesstuk genoem is. (2)

4.4.3 Verduidelik TWEE redes hoekom die skrywer na die sone van die dood verwys terwyl gepoog word om die toppunt van Berg Everest te bereik. (2)

4.4.4 Sou jy eendag Berg Everest se toppunt wil bereik?
Regverdig jou antwoord. (2)

**[7]**

**[30]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande prente en beskrywings en beantwoord die vrae.

| A | B |
|---|---|
|  |  |
| ŉ Droë, unieke landskap. Ook bekend vir die Namamense wat al vir 2 000 jaar hier woon. | Bekend vir die skaars fynbosspesies en beslaan agt beskermde gebiede, insluitende Tafelberg. |

5.1.1 Noem die VOLLE naam van die Wêrelderfenisterrein nommer A. (1)

5.1.2 Noem die VOLLE naam van die Wêrelderfenisterrein nommer B. (1)

5.1.3 Gee die naam van die provinsie waar Wêreldefenisterrein nommer A besoek kan word. (1)

5.1.4 Bepaal of Wêrelderfenisterrein nommer B natuurlik of kultureel is. Regverdig jou antwoord. (2)

**[5]**

© SACAI KOPIEREG 

5.2 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

> Suid-Afrika se lys van UNESCO-wêrelderfenisgebiede het gegroei met twee nuwe terreine, wat elk verskeie plekke regoor die land bevat, by die Wêrelderfeniskomitee-vergadering in Nieu-Delhi in Julie 2024. Albei hierdie nuwe terreine val onder die sambreel van kulturele terreine wat Suid-Afrika se totaal op 12 wêrelderfenisgebiede bring wat as kultureel, natuurlik en gemeng geklassifiseer word.
>
> Die eerste nuwe toevoeging is 'n perfekte inspirasie vir almal wat in moderne geskiedenis belangstel. Dit word *Menseregte, bevryding en versoening: Nelson Mandela Erfenisterreine genoem,* en sluit 14 plekke in vier verskillende provinsies in.
>
> Die begin van die mensdom of die volle naam van die Wêrelderfenisterrein: *Die opkoms van moderne menslike gedrag: die pleistoseen-besettingsterreine van Suid-Afrika* is 'n terrein wat uit drie plekke in twee provinsies bestaan.

*[Bron aangepas en vertaal vanuit: https://www.southafrica.net/uk/en/travel/article/south-africa-s-treasures-discover-the-new-unesco-world-heritage-sites]*

5.2.1 Noem DRIE van die vier provinsies wat deel is van die Nelson Mandela Wêrelderfenisterreine. (3)

5.2.2 Sharpevillle is een van die 14 plekke ingesluit in die Nelson Mandela Wêrelderfenisterreine.

Beskryf die gebeurtenisse wat daar plaasgevind het sodat dit in hierdie nuwe Wêrelderfenisterrein ingesluit is. (3)

5.2.3 Noem die TWEE provinsies waar die *Opkoms van Moderne Menslike gedrag* erfenisterrein besoek kan word. (2)

5.2.4 Verduidelik die impak van die byvoeging van twee nuwe Wêrelderfenisterreine op Suid-Afrika se inkomende toeriste. (2)

**[10]**

**[15]**

## VRAAG 6

6.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**SAToerisme inspireer Afrika-swerflus met 'n handelsmerkveldtog wat die ongelooflike, wye en diverse moontlikhede vir reis in Suid-Afrika openbaar.**

Dit sluit in: stukke ongerepte kuslyne, natuurlike en afgeleë wonders, ryk woude, skoon strande, opwindende avonture, groen heuwels, pragtige berguitsigte, bekoorlike klein dorpies, hartlike gasvryheid en ryk kulturele erfenis.

Vier nuwe advertensies is vrygestel vir radio, drukmedia, televisie en digitale verspreiding regoor die vasteland. Die advertensies, waarvan twee genomineer is vir beste rolprent by die Berlynse Advertensietoekennings, is deur die filmregisseur Lamar Bonhomme ontwerp, en wys die onbeperkte moontlikhede wat die belofte nakom dat daar altyd 'soveel meer' is om in Suid-Afrika te sien.

*[Bron aangepas en vertaal vanuit: https://modernmarketing.co.za/south-african-tourisms-latest-brand-campaign-is-rooted-in-the-authentic-human-experience/]*

6.1.1 Noem TWEE internasionale handelskoue waar SAToerisme Suid-Afrika se natuurskoon en unieke bestemmings kan bemark. (2)

6.1.2 Advertensies, soos in die leesstuk genoem, kos baie geld.
Verduidelik in DRIE stappe hoe SAToerisme fondse kry om hierdie advertensies te maak. (3)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: [50]**

# AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

7.1 Bestudeer die onderstaande spotprent van ŉ algemene werker by ŉ gastehuis, en beantwoord die vrae.



*[Bron: https://depositphotos.com/vector/sloppy-man-cartoon-3902957.html]*

7.1.1 Evalueer of die persoon as werker by die gastehuis as professioneel beskou sal word.

Regverdig jou antwoord. (3)

7.1.2 Skryf ŉ paragraaf waarin jy vir die eienaar van die gastehuis verduidelik hoe die gebruik van uniforms in die gasvryheidbedryf tot die professionele beeld van die werknermers kan bydra. (2x2) (4)

7.1.3 Verskaf DRIE voorbeelde van hoe ŉ hotel sy professionele beeld kan verbeter. (3)

7.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

> Jakes werk ses dae per week, agt ure per dag by die gastehuis. Hy kry 10 dae verlof per jaar. Hy word gereeld gevra om op 'n Sondag ook te werk, en word dan 1½ keer sy gewone tarief betaal. Hy kry geen rustyd gedurende die agt ure nie, en moet middagete eet terwyl hy werk.

7.2.1 Noem die naam van die Wet wat werknemers in hul werksplek beskerm. (1)

7.2.2 Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek en vul dit volledig in deur gebruik te maak van Jakes se scenario.

| Volgens die Arbeidswet | Teen die Arbeidswet |
|---|---|
| (2 feite) | (2 feite) |

(2x2) (4)

**[15]**

## VRAAG 8

8.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae.




*[Bron: https://www.linkedin.com/pulse/carbon-emissions-steps-i-took-reduce-my-part-2-kritika-kumar]*

8.1.1 Verduidelik die betekenis van jou *koolstofvoetspoor*. (2)

8.1.2 Identifiseer die pilaar van volhoubaarheid wat deur die bron hier bo uitgebeeld word. (1)

8.1.3 Verduidelik die betekenis van DRIE prente in die bron. (3)

8.2 Read the extract below and answer the questions.

the isibindi foundation
CONSERVATION partnering COMMUNITIES

Isibindi Stigtingprojekte

Die Isibindi Stigtingprojekte in die gemeenskap van Mabibi naby Thonga Beach Lodge sluit die Mabibi skoolvoedingskema in wat 140 kinders een keer per week voed. Die Stigting het die skool se graad R-klaskamer gebou en sy skoolkombuis opgeknap. Die Stigting betaal twee assistent-onderwysers by die skool se salarisse. Boonop verskaf die lodge gewoonlik kos en drank aan die gemeenskaps- of skoolvergaderings.

*[Bron aangepas en vertaal uit: https://www.isibindi.co.za/blog/the-three-pillars-of-sustainable-tourism/]*

8.2.1 Identifiseer die pilaar van Volhoubaarheid wat deur die leesstuk beskryf word. (1)

8.2.2 Identifiseer VIER Korporatiewe Maatskaplike Investering (CSI) voorbeelde wat Thonga Strand Lodge toepas. (4)

8.2.3 Verduidelik waarom dit belangrik vir Toerisme-instellings is om die KMB (CSI) beginsels toe te pas. (2)

8.2.4 Verskaf TWEE van jou EIE voorbeelde van die Ekonomiese pilaar van Volhoubaarheid. (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: [30]**

# AFDELING E: PLAASLIKE, STREEK– EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

## VRAAG 9

9.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae.




*[Bron: https://www.sowetanlive.co.za/opinion/columnists/2024-12-04-sowetan-says-sas-g20-presidency-must-push-continents-potential/]*

9.1.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die G20 is. (2)

9.1.2 Dui aan watter stad in Suid-Afrika die gasheer vir die G20 sal wees. (1)

9.1.3 Identifiseer DRIE aspekte waarop gefokus gaan word tydens die gebeurtenis. (3)

9.1.4 Bespreek TWEE voordele vir die ekonomie van Suid-Afrika as gevolg van die aanbieding van hierdie beraad. (2)

9.1.5 Ontwerp 'n slagspreuk vir die G20 wat in 2025 Suid-Afrika plaasvind. Gebruik jou antwoord op Vraag 9.1.3 vir inspirasie (moenie die drie woorde net so gebruik nie). (2)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

9.2 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**Orkaan Milton tref Florida, VSA**

Op 9 Oktober 2024 het Orkaan Milton die kus van Florida, VSA, bereik en 'n pad van vernietiging oor die staat veroorsaak. Die kragtige orkaan het oorstromings en skade veroorsaak, net minder as twee weke nadat Orkaan Helene deur dieselfde streek beweeg het. Milton het wind van tot 289 kilometer per uur veroorsaak.

Boonop het orkaan Milton wydverspreide vernietiging veroorsaak nadat dit ten minste 38 tornado's in die suide en sentrale dele van Florida veroorsaak het. Byna 80 000 mense was sonder elektrisiteit, en minstens 24 is dood.


*[Bron aangepas en vertaal uit: https://www.jw.org/en/news/region/united-states/Hurricane-Milton-Batters-Florida-USA/]*

9.2.1 Identifiseer TWEE onvoorsiene gebeure in die artikel. (2)

9.2.2 Beskryf TWEE impakte wat hierdie onvoorsiene gebeurtenisse op die internasionale aankomste in Florida gehad het. (2x2) (4)

**[6]**

9.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae.




*[Bron: Statistics South Africa]*

9.3.1 Identifiseer in die grafiek 'n land geleë in Europa wat 'n lugmark van Suid-Afrika is. (1)

9.3.2 Identifiseer Suid-Afrika se kleinste mark, volgens die grafiek. (1)

9.3.3 Bepaal of die VK of VSA Suid-Afrika se grootste lugmark is. (1)

9.3.4 Verskaf EEN rede hoekom Zimbabwe, volgens die grafiek Suid-Afrika se grootste mark is. (1)

**[4]**

## VRAAG 10

10.1 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae.




*[Bron: https://searchengineland.com/negative-reviews-ex-employees-finally-googles-guidelines-288390]*

10.1.1 Identifiseer die terugvoermetode in die prent. (1)

10.1.2 Noem EEN ander tipe terugvoermetode wat gebruik kan word. (1)

10.1.3 Gee TWEE redes waarom 'n toerisme-instelling van een of ander terugvoermetode gebruik moet maak. (2)

10.1.4 Het die instelling in die prent goeie of slegte terugvoer gekry?

Regverdig jou antwoord. (2)

10.1.5 Adviseer hoe 'n instelling algemene slegte diens kan verbeter.

Verskaf TWEE idees. (2x2) (4)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: [30]**

**GROOTTOTAAL: [200]**